

## “Troos” in Deutero-Jesaja: ’n Ondersoek na Aanleiding van die Voorkoms van die Werkwoord

נחם

ANDRÉ G. ODENDAAL (UP); JURIE H. LE ROUX (UP) AND ALPHONSO GROENEWALD (UP)<sup>1</sup>

### ABSTRACT

#### *Comfort in Second Isaiah: A Study of the Verb נחם*

*The opening words of Isa 40:1 consist of a repetition of the verb נחם which means “comfort.” This study was undertaken due to the fact that the literature focusing on the verb נחם is minimal. Dictionaries give a summary about the verb and its root meanings in languages of Semitic background. The aim of the study was to prove that נחם is a theme in Second Isaiah, chs. 40-55 of the book of Isaiah. Most of the works that were used refer to the verb נחם and prefer to write about the relationship between Yahweh and Israel, the salvation and creation in Second Isaiah. The research focused on the information in theologies of the OT, articles and commentaries about the verb נחם in general and specifically in Second Isaiah. It included a study on three texts where the verb נחם occurs in Second Isaiah. The conclusion is made that נחם, “comfort,” is a very important theme in Second Isaiah combined with the themes of salvation and creation.*

KEYWORDS: Book of Isaiah; Second Isaiah; Deutero-Isaiah, Book of Consolation, comfort, salvation, creation.

### A INLEIDING

Jesaja 40:1 berig dat JHWH die volk gaan troos. JHWH<sup>2</sup> is die Naam wat gebruik word om na die God te verwys wat homself aan Moses bekend gemaak het.

---

\* Artikel ingedien: 8 Junie 2015; aanvaar: 21 September 2015. Om aan te haal: André Odendaal, Alphonso Groenewald en Jurie H. le Roux, “Troos” in Deutero-Jesaja: ’n Ondersoek na Aanleiding van die Voorkoms van die Werkwoord נחם,” *Old Testament Essays (New Series)* 28 nr. 3 (2015): 738-760. DOI: <http://dx.doi.org/10.17159/2312-3621/2015/v28n3a11>

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op ’n gedeelte van ’n proefskrif wat voltooi is onder die promotorskap van proff. Jurie H. le Roux (promotor) en Alphonso Groenewald (mede-promotor).

<sup>2</sup> Cf. David N. Freedman and Michael P. O’Connor, “יהוה,” *TDOT* 5: 500-517. Die Naam JHWH word breedvoerig bespreek en verklaar deur Freedman and O’Connor, *TDOT* 5:517, waar hulle die grondbetekenis verklaar as: “be at hand,” “exist” of “come to pass.”

Hierdie is die gebruikelike manier om na die God te verwys wat deur die volk Israel aanbid word, en die verbond met die volk gesluit het om hulle God te wees. Die volk en JHWH staan in ’n verbondsverhouding. Deutero-Jesaja se boodskap word gereeld as troosboek<sup>3</sup> beskryf. Jesaja 40:1 roep troos uit, maar spoedig blyk dit dat hierdie troos vir die volk van JHWH bedoel is. Net hierna verskuif die aandag na die verhouding tussen JHWH en die volk, of die boodskap van verlossing van die volk uit ballingskap.

Troos is prominent in Jes. 40-55. Die werkwoord vir “troos” is נחם wat in die *pi’el* gebruik word. Beuken noem dat die Vulgaat die opskrif “Die Boek van die vertroosting van Israel” (“Book of Consolation”) <sup>4</sup> gebruik. Die Vulgaat se opskrif vir Jes. 40:1-66:24 in die *Biblia Sacra Vulgatae Editionis* is: *Conso-lationes Isaiae prophetae*. Daar is nog geen studie gedoen, wat spesifiek fokus op “troos” nie.

JHWH se mag word beklemtoon en hy is die hoofspeler in die boek Jesaja. JHWH bring die troosboodskap, roep persone, wys hulle aan (nie altyd lede van die volk van JHWH nie, soos byvoorbeeld Kores) en bepaal hoe hulle die redding gaan uitvoer. JHWH gee en waarborg troos.<sup>5</sup>

“Troos” is opvallend, ook in die wyse waarop Jes. 40:1 dit voorop stel: “Troos, troos my volk” (נַחֲמוּ נַחֲמוּ עַמִּי). Die woord נחם gryp die verbeelding aan as hfst. 40 direk na hfst. 39 gelees word. In Jesaja 39 het Jesaja nog aan koning Hiskia gesê dat die stad Jerusalem verwoes gaan word en dat daar van Hiskia se seuns na Babel weggevoer sal word. Hierteenoor word Jes. 40 direk aan die ballinge in Babel<sup>6</sup> gerig.

<sup>3</sup> Jan L. Koole, *Jesaja 40 tot en met 48* (deel 1 van *Jesaja II*; CouT; Kampen: Kok, 1985), 19.

<sup>4</sup> Willem A. M. Beuken, *Jesaja* (deel IIA; POut; Nijkerk: Callenbach, 1979), 15; Carroll Stuhlmueller, *Creative Redemption in Deutero-Isaiah* (Rome: Biblical Institute Press, 1970), 3. Die werk verwys konstant na Deutero-Jesaja as die ‘Book of Consolation,’ terwyl troos nie direk bespreek of as ’n deurlopende tema beskou word nie.

<sup>5</sup> Eksegete stem saam dat JHWH die opdrag tot נחם in Jesaja 40:1 gee. Enkele ekse-gete word genoem: Beuken, *Jesaja IIA*, 18; Rosario P. Merendino, *Der Erste und der Letzte: Eine Untersuchung von Jes 40–48* (VTSup 31; Leiden: Brill, 1981), 17 en Carol J. Dempsey, *Isaiah: God’s Poet of Light* (St. Louis: Chalice Press, 2010), 90-92.

<sup>6</sup> Die aanvaarding is dat al die ballinge in Babel graag na Sion of Jerusalem sou wou terugkeer. In Ps. 137 word die versugting en verlange na Sion en Jerusalem aangespreek. Daar is ander lede wat nie dieselfde voel nie, en daarom kry Jesaja teenstand en is die volk nie so gretig om na die boodskap te luister nie. Jeremia het ’n brief aan die ballinge in Jer. 29:4-32 gerig. Die opdrag word gegee om die stad Babel se belange te bevorder en as hulle eie te reken. Die feit kom sterk in die werk van Dempsey, *Isaiah*, 125-126 na vore. Sy verwys na die feit dat net ’n handjievol ballinge op Kores se bevrydingsedik gereageer het. Die ander ballinge het klaar hulle troos, en ’n nuwe lewe, in Babel gevind.

“Troos” word in **Jes. 40:1** en dan weer in **Jes. 49:13** gebruik<sup>7</sup> en verder 51:3; 51:12; 51:19; 52:9 en 54:11 aangetref. Die troos lê in die belofte dat die volk na Palestina sal terugkeer. Die volk<sup>8</sup> is in ballingskap weggevoer. Die Perse het die Babiloniërs verslaan en laat die volke toe om na hulle lande van herkoms terug te keer.

Troos aan die volk in ballingskap word in **Jes. 40:1** aangekondig en in **Jes. 49:13** afgesluit. Jesaja 49:14 tot **Jes. 55** kondig troos vir die stad Sion/Jerusalem aan. Troos as tema omsluit **Jes. 40:1** tot en met **Jes. 55**; daar kan dus beweer word dat troos as ’n tema van Deutero-Jesaja aangetoon kan word. JHWH<sup>9</sup> is lief vir die volk en stad en bly regdeur **Jes. 40** tot **55** in beheer. Hy is die enigste God en alleen hy moet aanbid word.

Die voorkoms van die werkwoord נחם sal nou in Ou-Testamentiese teologieë en artikels sowel as kommentare bespreek word. Daarna sal die voorkoms van נחם in Deutero-Jesaja sowel as die agtergrond waarteen die gebeure afspeel, bespreek word. Vervolgens volg kort besprekings van die werkwoord נחם in die tekste **Jes. 40:1**; **Jes. 49: 13** en **Jes. 54:11**. Ten slotte sal die bevindinge bespreek word.

---

<sup>7</sup> Troos in hfst. 40:1 word gesien as troos aan die volk van JHWH; oor hfst. 49:13 bestaan daar egter groot verskille by eksegete oor die vraag aan wie hierdie troos gerig word. Hulle sien die troos aan die volk, maar voeg v. 13 by die gedeelte wat oor Sion of Jerusalem handel. Ulrich Berges, *Das Buch Jesaja: Komposition und Endgestalt* (HBS 16; Freiburg: Herder, 1998), 372-375 voeg v. 13 by die eerste 12 verse van hfst. 49; Dempsey, *Isaiah*, 122 deel hfst. 49:8-50:3 as ’n afgebakende gedeelte in.

<sup>8</sup> Die volk waarna verwys word is ’n gedeelte van die bevolking van Jerusalem en die ander stede in Juda. Rainer Albertz, *Israel in Exile: The History and Literature of the Sixth Century B.C.E.* (StBL 3; Atlanta: SBL, 2003) en Hans M. Barstad, *The Myth of the Empty Land: A Study of the History and Archaeology of Judah during the ‘Exilic Period’* (Oslo: Scandinavian University Press, 1996) wys daarop dat ’n groot gedeelte van die bevolking in ballingskap weggevoer is. Die leiersgroep en ambagsmanne is oor die algemeen ook weggevoer. Daar het egter ’n aansienlike groep van die bevolking in die land agtergebly. ’n Latere wegvoering vind plaas na die opstand teen Babel, en daarna het nog ’n groep van die oorblywende inwoners in die land na Egipte gevlug. Die totale bevolking is dus nie na die val van Jerusalem weggevoer nie.

<sup>9</sup> Willem S. Prinsloo, “Jesaja,” in *Tweegesprek met God* (red. Jasper. J. Burden en Willem S. Prinsloo; LitOT 3; Kaapstad: Tafelberg, 1987), 104-105 behandel Deutero-Jesaja. Prinsloo merk op dat die hoofkenmerk van Deutero-Jesaja se verkondiging die boodskap van heil, verlossing en vertroosting is. JHWH word verkondig as die enigste God en Skepper. Volgens Prinsloo is skepping nie ’n selfstandige tema nie, maar word met die verlossing in verband gebring. Prinsloo kom tot die afleiding “om van Deutero-Jesaja te praat as ’n boek van vertroosting is dus heeltemal aanvaarbaar.”

## B נחם IN OU-TESTAMENTIESE TEOLOGIEË EN ARTIKELS

“Troos,” die werkwoord נחם in Hebreeus, se inhoud verskil van die Westerse inhoud van troos. Ter wille van groter duidelikheid, is dit nodig om ’n omskrywing van נחם te gee. Omskrywing: troos – נחם is die handeling deur JHWH om die volk uit hulle benarde situasie te verlos, hierdie handeling<sup>10</sup> begin met die aankondiging dat die ballingskap verby is, en gaan voort totdat die volk terug in Sion/Jerusalem is, en daarna staan JHWH die volk steeds by.

Teologieë van die OT toon dat die skrywers oor verskillende temas skryf soos verlossing, skepping,<sup>11</sup> JHWH se handeling met die volk Israel en die sentrum van die OT.<sup>12</sup> Hierdie ondersoek het bevind dat nie een van die teologieë van die OT ’n afdeling aan troos gewy het nie. Troos ontbreek in die indekse en indien “troos” voorkom, word dit meestal onder die afdelings verlossing, redding of vergiffenis behandel.<sup>13</sup>

Jesaja 40:1 word in inleidings en studies van die OT bespreek. Verskille in styl<sup>14</sup> tussen Jes. 40 en Jes. 39 word genoem. Redelike eenstemmigheid heers by

<sup>10</sup> Hans J. Stoebe, “נחם,” *THAT* II: 59-66, hier 61-62 wys dat JHWH die volk in hulle hulpelose toestand kom troos. JHWH tree met troos en ontferming op oor die volk tot in hfst. 66:13. Troos loop dus dwarsdeur van hfst. 40:1 en 49:13 tot by 66:13. Horacio Simian-Yofre, “נחם,” *ThWAT* 5: 367-383, hier 367, 368, 382 verwys na JHWH wat die volk en die stad vertroos. Ander tekste wat die werkwoord troos bevat, word ook behandel.

<sup>11</sup> Selfs een van die OT teologieë wat onlangs verskyn het verwys hoofsaaklik na Jes. 40-55 in terme van skepping. John Kessler lei sy bespreking van Jes. 40-55 soos volg in: “Isaiah 40-55 contains numerous references to Yahweh’s role as Creator. Yahweh ‘creates’ . . . the cosmos . . ., Israel . . ., the moments of weal and woe in human history . . ., and most especially the deliverance of God’s people and renewal of creation . . . Similarly Yahweh ‘forms’ . . . Jacob/Israel . . ., the course of history . . ., the earth . . ., and the servant of Yahweh . . . Several other terms evoking concepts related to creation are used with relative frequency.” Sien John Kessler, *Old Testament Theology: Divine Call and Human Response* (Waco: Baylor University Press, 2013), 149-150. Hy sluit sy bespreking van Jes. 40-55 soos volg af: “In sum, the emphasis on creation in Isaiah 40-55 thus speaks to the *certainty* of what Israel may hope for and expect.” Sien Kessler, *Old Testament Theology*, 153. Nêrens word daar egter in hierdie gedeelte enigsins na “troos” verwys nie.

<sup>12</sup> Gerhard von Rad, *The Theology of Israel’s Prophetic Traditions* (vol. 2 of *Old Testament Theology*; vert. David M. G. Stalker; London: SCM Press, 1975), 238-262 konsentreer op die verlossing van Israel deur JHWH in sy werke. Redding en verlossing, tesame met die tradisies, staan vir Von Rad sentraal in die OT.

<sup>13</sup> Walter Brueggeman, *Reverberations of Faith: A Theological Handbook of Old Testament Themes* (Louisville: Westminster John Knox, 2002), 85-86 behandel troos glad nie. Jesaja 40:1-2 word genoem onder die tema: “Forgiveness.”

<sup>14</sup> James K. West, *Introduction to the Old Testament: “Hear O Israel”* (New York: Macmillan, 1971), 338-343 wys op die liriese gedigte wat in Jes. 40-55 voorkom teenoor

skrywers en eksegete dat die geskiedenis aan die einde van die ballingskap vanaf Jes. 40 beskryf word.<sup>15</sup> Die werkwoord נחם word genoem, kortliks bespreek en daarna word ander onderwerpe behandel.

Troos, waarmee Jes. 40:1 begin, word nie bespreek nie, maar die verhouding van JHWH met die volk, hulle verlossing en redding word eerder beklemtoon. Die troos word dikwels slegs as goeie nuus of goeie boodskap, of selfs as ’n nuwe begin gesien.<sup>16</sup> Enkele eksegete sal die werkwoord נחם kortliks bespreek en na die betekenis kyk of miskien twee tekste met mekaar vergelyk.<sup>17</sup> Berges<sup>18</sup> en Stromberg<sup>19</sup> is van die min eksegete wat wel die werkwoord נחם bespreek en op die voorkoms daarvan in Jesaja wys.

Werke oor Jesaja en ander Bybelboeke het troos nie afsonderlik behandel nie. Troos word as ’n onderafdeling gesien, soos blyk uit die hantering van die werkwoord נחם in werke oor Jesaja en Deutero-Jesaja. Troos kom nie tot sy reg nie en daarom is hierdie ondersoek gedoen omdat daar so min literatuur oor “troos” in die OT beskikbaar is.

Kommentare toon dat die meeste Jesaja-eksegete troos nie indringend behandel nie. Troos word genoem, en daarna word ’n ander onderwerp behandel.<sup>20</sup> Enkele kommentatore het wel die werkwoord נחם behandel, of as ’n tema vir Deutero-Jesaja genoem.<sup>21</sup>

---

groot gedeeltes prosa wat in Jes. 1-39 voorkom. West wys wel op die openingswoorde van Jes. 40:1 wat ’n nuwe rigting aandui en troos en belofte inhou.

<sup>15</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 18-19 sien die skrywer van Jes. 40-55 as ’n profeet uit die ballinge. Dempsey, *Isaiah*, 90-92 toon aan dat Jes. 40 se openingswoorde aan die volk in ballingskap gerig word.

<sup>16</sup> Dempsey, *Isaiah*, 90-92.

<sup>17</sup> Christina Ehring, *Die Rückkehr JHWHs: traditions- und religionsgeschichtliche Untersuchungen zu Jesaja 40, 1-11, Jesaja 52, 7-10 und verwandten Texten* (WMANT 116; Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 2007), 19-25 wys daarop dat die moderne tale ’n ander inhoud aan troos toeken as wat dit in Hebreeus het. Die moderne tale koppel veel eerder ’n emosionele betekenis aan die woord, terwyl dit in Hebreeus met ’n aksie gekoppel word.

<sup>18</sup> Berges, *Das Buch Jesaja*, 325-329 verwys na die voorkoms van נחם in sy werk oor die samestelling van Jesaja.

<sup>19</sup> Jacob Stromberg, *An Introduction to the Study of Isaiah* (London: T&T Clark, 2011), 37-39 wys op die lofprysing van Jes. 12 wat dieselfde temas bevat as die verse in Deutero-Jesaja wat oor troos handel. Stromberg gebruik slegs die verse oor “troos” in die gedeeltes wat op lofprysing uitloop.

<sup>20</sup> John Goldingay, *The Message of Isaiah 40-55: A Literary-Theological Commentary* (London: T&T Clark, 2005), 9-11 beweeg van troos af en gaan oor in ’n bespreking van die volk.

<sup>21</sup> Koole, *Jesaja 40 tot en met 48*, 15-16, 18-19 sê die tema van hfst. 40-55 word met die aanvangswoorde gegee en troos kom later weer in hfst. 49:13 terug. JHWH is die een wat troos waarborg. Klaus Baltzer, *Deutero-Isaiah: A Commentary on Isaiah 40-55*

Verlossing, skepping en die verhouding tussen JHWH en die volk is deurlopende temas in Deutero-Jesaja. Alhoewel Deutero-Jesaja as “troosboek” bekend is, word “troos” nie werklik as ’n belangrike tema indringend bespreek nie. Kommentare oor Deutero-Jesaja toon meestal ’n gebrek aan navorsing oor die werkwoord נחם (troos). Die doel van hierdie artikel is dus om ’n leemte in die navorsingsgeskiedenis van hierdie boek aan te spreek.

### C DIE WERKWOORD נחם IN DEUTERO-JESAJA

“Troos” (die werkwoord נחם) word in Deutero-Jesaja aangetref in die volgende teksgedeeltes (met die werkswordsvorme wat in hakies verskyn): Jes. 40:1 (*pi’el*); 49:13 (*pi’el*); 51:3 (*pi’el*); 51:12 (*pi’el*); 51:19 (*pi’el*); 52:9 (*pi’el*); 54:11 (*pu’al*).

Troos kom van JHWH<sup>22</sup> af en hy maak homself aan die volk bekend as Skepper wat alles gemaak het en vir alle dinge sorg. JHWH ken die volk se omstandighede in Babel en die volk moet weet wie die boodskap stuur en waarom hulle JHWH kan vertrou.

---

(Hermeneia; vert. Margaret Kohl; Augsburg: Fortress Press, 2001), 49-51 hanteer Deutero-Jesaja as ’n drama wat op die troosboodskap gebou is. JHWH se handeling met die volk en stad bevestig die troos-opdrag van Jes. 40:1. Ulrich Berges, *Jesaja 40-48* (HTKAT; Freiburg: Herder, 2008), 84-101 hanteer die werkwoord נחם, en verwys na ander teksgedeeltes in die Bybel, om iets meer oor van die gebruik van troos in die literatuur van Israel weer te gee. Ulrich Berges, *Jesaja: Der prophet und das Buch* (BG; Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt, 2010), 70-71, 93-94 sien troos as ’n deurlopende tema van Jesaja. Dempsey, *Isaiah*, 90-92 hanteer troos as goeie nuus, dat JHWH verlossing gee, die volk na Jerusalem gaan terugneem, en die stad gaan herstel. Alles gebeur tot eer van JHWH en hy kan weer in Jerusalem gedien word.

<sup>22</sup> Friedhelm Hartenstein, *Das Archiv des verborgenen Gottes: Studien zur Unheilsprophetie Jesajas und zur Ziontheologie der Psalmen in assyrischer Zeit* (BthSt 74; Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlagsgesellschaft, 2011), 97-98, 107-108 toon aan dat die opdrag om te troos deur JHWH gegee word. JHWH se woorde lei Jes. 40-55 in, waar die handeling van JHWH duidelik in sy optrede met die volk en stad sigbaar word. Katie M. Heffelfinger, *I am Large, I Contain Multitudes: Lyric Cohesion and Conflict in Second Isaiah* (BIS 105; Leiden: Brill, 2011), 107-108 merk op dat JHWH die opdrag tot troos gee, asook die troos uitspreek. Die troosopdrag toon dus die verhouding tussen JHWH en die volk aan. Lena-Sofia Tiemeyer “The Coming of the Lord – an Inter-Textual Reading of Isa 40:1-11; 52:7-10; 59:15b-20; 62:10-11 and 63:1-6,” in *Let Us Go Up to Zion: Essays in Honour of H.G.M. Williamson on the Occasion of his Sixty-Fifth Birthday* (ed. Iain Provan and Mark J. Boda; VTSup 153; Leiden: Brill, 2012), 236 wys op die opdrag om Jerusalem te “troos.” JHWH gee die opdrag.

Deutero-Jesaja begin met: “Troos, troos My volk” ( נַחֲמוּ נַחֲמוּ עַמִּי – נַחֲמוּ ) beteken “troos”). Jesaja 41 verwys na Kores en ons weet dat die gedeelte na die einde van die ballingskap verwys.<sup>23</sup>

## D ALGEMENE AGTERGROND

Die woord נַחֵם word met troos vertaal en is die openingswoord van Deutero-Jesaja. Troos is ’n emosie wat aan alle mense bekend is en wat alle mense op een of ander stadium van hulle lewe nodig het. Troos bring nuwe hoop en laat ’n mens weer kans sien om met moeilike omstandighede saam te leef. Juda was in ballingskap na Babel weggevoer; jare het verbygegaan en sommige van die Judese afstammelinge het verlang om weer na Jerusalem terug te keer. Psalm 137 gee die versugting en verlange na Sion en Jerusalem weer.<sup>24</sup> Ander lede van die Judese groep voel nie dieselfde nie en daarom kry Jesaja teenstand en is die volk nie gretig om na die boodskap te luister nie. JHWH moet met die volk in gesprek gaan om hulle te laat beseft dat hy hulle steeds versorg en dat hy alles beheer.

Die oorspronklike grondbetekenis van נַחֵם is om “die siel ligter te maak” (“seelisch erleichtern”) of om dit “te vergemaklik.”<sup>25</sup> Met ander woorde, om jou siel te laat bedaar, of tot bedaring te bring en hierdie grondbetekenis geld ook vir die betekenis van “troos” en “berou hê” of “jammer te wees.” Daar is ’n moontlikheid dat die omstandighede wat die mens omkrap en terneerdruk gaan verander en dan kom daar nuwe moed, krag en hoop in ’n mens se gemoed. Die werkwoord נַחֵם het twee basiese betekenis, naamlik “hewig asemhaal” (by perde) of “troos.”<sup>26</sup> Die werkwoord נַחֵם beteken in die *nip’al* “om jammer te wees” of “berou te hê.” Daar is ook ’n tweede betekenis vir נַחֵם in die *nip’al* en dit is om “getroos te word,” נַחֵם in die *pi’el* word altyd met troos vertaal.<sup>27</sup>

Stoebe bespreek die gebruik van נַחֵם in die OT in tabelvorm: waar dit voorkom en hoeveel keer dit in elke boek gebyuik word.<sup>28</sup> Gedeeltes wat hier behandel word, is byvoorbeeld: Jes. 40:1-11; Jes. 49:13 in die konteks van Jes. 49 en Jes. 54. Simian-Yofre bespreek onder andere die woord נַחֵם se herkoms in

<sup>23</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 60-65 bespreek die feit dat Kores geroep is om die volk Israel te bevry. Beuken toon aan dat die woordgebruik in hfst. 41 se aanvangsverse ooreenstem met die in 41:25 en 45:13; dit is moontlik ’n aanduiding dat hier van Kores gepraat word.

<sup>24</sup> Hans-Joachim Kraus, *Psalmen 60-150* (deel 2 van *Psalmen*; BKAT; Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 1978), 1082-1084 bespreek die feit dat Ps. 137 getuig van die gevoelens wat geheers het in die tydperk van Deutero-Jesaja. Die digter is in die vreemde en dink met verlange terug aan Sion.

<sup>25</sup> Ludwig Koehler and Walter Baumgartner, *Lexicon in Verberis Testamenti Libros* (Leiden: Brill, 1958): 608-609.

<sup>26</sup> Koehler and Baumgartner, *Lexicon*, 608-609.

<sup>27</sup> Koehler and Baumgartner, *Lexicon*, 608-609.

<sup>28</sup> Stoebe, “נַחֵם,” 59-66. Die woord נַחֵם word volledig bespreek. Daar word daarop gewys dat troos deur JHWH aan die volk en Sion beloof word. JHWH is dus die inisieerder van die troos by Deutero-Jesaja.

Arabies, wat oorspronklik “om hewig asem te haal” beteken het. Daar word verder genoem hoeveel keer die werkwoord voorkom en die betekenis van troos word bespreek, sowel as Jes. 51:12.<sup>29</sup>

## **E      BESPREKING VAN JESAJA 40:1-11**

Die proloog van Deutero-Jesaja word bespreek aangesien 40:1 die basis van 40:1-11 vorm. Opdrag tot troos word in Jes. 40:1 gegee en daarna uitgebrei in die res van die proloog. Temas van Deutero-Jesaja is in die proloog saamgevat en die verloop daarvan vind sistematies tot en met Jes. 55 plaas.

Jesaja 40, as inleidende hoofstuk van die tweede deel van die boek Jesaja, open met die dubbele opdrag tot troos. Deutero-Jesaja se aanvangswoorde is van die bekendste woorde in die OT en baie eksegete meen dat die aanvangswoorde die oorkoepelende gevoel van Deutero-Jesaja weergee.<sup>30</sup> Hoofstuk 40 word as proloog vir hfst. 40 tot en met 55 gesien. Meeste kommentare verklaar dat die proloog uit die eerste elf verse bestaan.<sup>31</sup> Jesaja 40:1 word in die konteks van die proloog behandel om vas te stel wat die doel van troos is.

JHWH se woord sal ewig standhou (40:8), JHWH se woord oor troos begin in Jes. 40:1 en JHWH beheer met hierdie woord die hele boodskap van Deutero-Jesaja. Die proloog van Deutero-Jesaja stel dat JHWH die herder is wat die volk versorg. Totale versorging en beskerming is ter sprake op die pad vol gevare tydens die terugtog. JHWH herstel die volk as sy eiendom en JHWH lei, versorg en sien om na die volk. Dit alles werk troos in die hand.

’n Aantal sake wat ’n belangrike rol in Deutero-Jesaja speel, kom reeds in die proloog voor en word verder in die hoofstukke wat volg uitgebou.<sup>32</sup> Die

---

<sup>29</sup> Cf. Simian-Yofre, “גחם,” 67-384 (die woord גחם word volledig bespreek).

<sup>30</sup> Peter D. Akpunonu, *The Overture of the Book of Consolations: Isaiah 40:1-11* (New York: Peter Lang, 2004), 69 en 80 maak die volgende opmerking: “The dominant theme of the Overture is consolation and that is the first word of the book” en “comfort . . . summarizes the message and purpose of the book.” Baltzer, *Deutero-Isaiah*, 49 bespreek Jes. 40:1 volledig en verklaar dat die eerste vers alles opsom wat Deutero-Jesaja wil aankondig.

<sup>31</sup> Jesaja 40:1-11 lei die gedig in wat deel van die groter gedig vorm wat uit Jesaja 40:1-31 bestaan. Daar is verskillende indelings wat vir Jes. 40 gebruik word. Meeste Jesajakenners sien die proloog as Jes. 40:1-11, soos byvoorbeeld Beuken, *Jesaja IIA*, 18-19; Goldingay, *Isaiah 40-55*, 9-11. Enkele eksegete interpreteer dit egter anders: Charles C. Torrey, *The Second Isaiah: A New Interpretation* (Edinburgh: T&T Clark, 1928), 301 neem die hele gedig, naamlik 40:1-31, as inleiding.

<sup>32</sup> Annemarieke van der Woude, *Geschiedenis van de terugkeer: de rol van Jesaja 40, 1-11 in het drama van Jesaja 40 – 55* (Maastricht: Shaker, 2005), 229-232 stel dit in haar gevolgtrekkings dat daar op die proloog, as inleiding, verder uitgebrei word in die verloop van Deutero-Jesaja. Sake wat in die proloog aan die bod kom, word verder uitgewerk en beantwoord soos die verhaal vorder en ontvou.



werkwoord  $\text{חָנַן}$  word in v. 1 gebruik. Al die verse met  $\text{חָנַן}$  staan in onderlinge verband met mekaar en dra troos as tema dwarsdeur die boek van Deutero-Jesaja. Die res van die proloog verduidelik die manier waarop en die redes waarom die volk en Jerusalem getroos moet word. Jerusalem se straf is uitgedien en ten volle betaal. Die volk sal teruggaan met die pad wat gelyk gemaak word. Met die openingswoorde gee JHWH die opdrag, spel die metode en manier uit waarop die opdrag uitgevoer gaan word, belooft bystand en herstel die volk weer as sy volk. Die proloog is ’n kort samevatting van die totale boodskap wat verder in Deutero-Jesaja uitgewerk word.<sup>33</sup> Die troos vorm die basis van die bystand en onderskraging deur JHWH.

Hoofstukke 40 tot 55 is op die basis gebou dat JHWH troos aan die volk en die stad Jerusalem/Sion gee en waarborg. Die inleidende opdrag tot troos – wat ’n dubbele opdrag is – beklemtoon die belangrikheid en noodsaak van troos.<sup>34</sup> JHWH gee die opdrag aan die volk wat in Babel in ballingskap verkeer.<sup>35</sup> Die volk word deur JHWH as “My volk” ( $\text{אֲנִי} \text{עַמִּי}$ ) aangespreek, wat daarop dui dat daar ’n innige verhouding bestaan. Dit is verbondstaal en sal die volk se aandag aangryp.<sup>36</sup> Dit

<sup>33</sup> Jim W. Adams, *The Performative Nature and Function of Isaiah 40-55* (LHBOTS 448; London: T&T Clark, 2006), 91-94 wys dat die proloog van Deutero-Jesaja ’n belangrike funksie vervul. Die proloog sluit aan by temas uit hfst. 1 tot 39 en lei nuwe motiewe, wat in die volgende hoofstukke voorkom, in. Jesaja 40:1-8 vorm die basis vir hfst. 41-48 en Jes. 40:9-11 vorm die basis vir 49:14-55:13.

<sup>34</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 18 wys daarop dat troos meer as medelye beteken. Vir Deutero-Jesaja gaan dit oor die herstel van Sion en die einde van die ballingskap. JHWH is die onderwerp; en die volk en Sion of albei groepe die objek van ‘troos.’ Beuken noem dat dit na die tema van die boek lyk. Beuken sê dat troos konkreet daarin bestaan dat wanneer JHWH weer praat, dit in die kader van die verbond plaasvind. Beuken wys verder daarop dat daar tot op hierdie stadium in Israel se klaagsange oor die verwoesting van Jerusalem ’n vaste tema was, naamlik die afwesigheid van ‘troos.’ Hy verwys hier byvoorbeeld na Klaagliedere 1:2, 9, 16, 21; 2:13. Merendino, *Der Erste*, 17, 26-27 noem al die tekste in Jesaja wat  $\text{חָנַן}$  bevat, en verwys ook na Klaagliedere waar troos ontbreek.

Berges, *Jesaja 40-48*, 99 sluit hierby aan en verwys na Klaagliedere en die feit dat troos vir die stad ontbreek. Vgl. verder ook Ulrich Berges, *Klagelieder: Übersetzt und ausgelegt* (HTKAT; Freiburg: Herder, 2002), 99-100 waarin hy dit duidelik uitgewerk het dat troos ontbreek. Die volk is wel bewus van die feit dat JHWH hulle bystaan, help en “troos.” As verwysings gee Berges hier aanhalings uit Psalms, en dan ook aanhalings uit Jesaja vanaf 12:1–66:13 en noem dat die volk en stad hierdie positiewe antwoord van Jesaja op die klag in Klaagliedere kry.

<sup>35</sup> Stuhlmüller, *Creative Redemption*, 179-180 het al opgemerk dat daar ’n verskeidenheid stemme in die proloog aanwesig is. Stuhlmüller skryf wel vv. 1 en 2 aan JHWH toe. Beuken, *Jesaja IIA*, 15-29 het die stemme bespreek: hy skryf die eerste verse toe aan JHWH, wat die opdrag gee om te troos.

<sup>36</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 18-19 wys daarop dat dat JHWH hier in die kader van die verbond praat en dat die verwysings “my volk” en “u God” op die verbondsformule sinspeel.

dui op ’n spesiale verhouding, ’n verbonds-verhouding omdat JHWH self die volk geroep en gekies het.<sup>37</sup>

Jesaja 40:2 verskuif die klem van die volk na Jerusalem en JHWH bevestig aan Jerusalem dat haar sonde ten volle betaal is. Jerusalem se hart moet aangespreek word;<sup>38</sup> dit beklemtoon dat daar op ’n rustige wyse en met medelye met die stad gepraat moet word.

Die proloog kan soos volg verdeel word: vv. 1-2, 3-5, 6-8 en 9-11. Hierdie verdeling van Jes. 40:1-11 word redelik algemeen gevolg.<sup>39</sup> JHWH is aan die woord in die eerste twee verse. Die opdrag tot troos<sup>40</sup> is deur JHWH gegee en die stemme gaan nou die boodskap verder deurgee. Die opvolging en uitbreiding van die boodskap deur die stemme versterk die troosmotief en neem die boodskap verder. Die woorde van JHWH, in die proloog van Deutero-Jesaja, word as die

<sup>37</sup> Volgens Beuken, *Jesaja IIA*, 18-19 sien Deutero-Jesaja die feit dat JHWH die inisiatief neem om Israel te vertrou, daarop dui dat JHWH ook die een is wat die verbondsverhouding met die volk weer herstel. Berges, *Jesaja 40-48*, 98-99 sluit hierby aan en wys ook daarop dat die formuleringe “my volk” en “julle God” verbondstaal is. Die implikasie is dat JHWH inisiatief neem om die verhouding te herstel.

<sup>38</sup> Die uitdrukking “spreek tot die hart van,” in kombinasie met die werkwoord נחם, kom in Jes. 40:1 en 2 voor. Berges, *Jesaja 40-48*, 84-101 merk op dat die kombinasie van “troos” en “praat na die hart van” in Jes. 40 sowel as in Gen. 50:21 en in Rut 2:13 voorkom. Randall Heskett, *Reading the Book of Isaiah: Destruction and Lament in the Holy Cities* (New York: Macmillan, 2011), 77, 88 wys daarop dat troos vir die volk en vir Jerusalem beskryf word. Troos word gebruik, saam met die uitdrukking dat daar tot die hart van Jerusalem gepraat moet word. Troos word gesien as Deutero-Jesaja se antwoord op die klag van Klaagliedere dat daar geen troos is nie. Heffelfinger, *I am large*, 102-103 wys daarop dat Deutero-Jesaja se openingswoorde ’n geweldige klem dra: JHWH kondig die troos aan, en gee te kenne dat troos oorgedra sal word, deur sagkens met Jerusalem te praat.

<sup>39</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 17-18 vat die verdeling saam in sy uiteensetting van die proloog: In vv. 1-2 is JHWH aan die woord, in vv. 3-5 is dit ’n stem wat roep, in vv. 6-8 volg ’n gesprek tussen ’n stem en die profeet, en in vv. 9-11 praat die profeet met Jerusalem. Ehring, *Die Rückkehr JHWHs*, 23, 38, 50, 63-65 volg ook hierdie indeling. Peter Klein, *Jesaja 40:1-11 als Prolog: Ein Beitrag zur Komposition Deuterjesajas* (WAS 6; Wien: Peter Lang, 2009), 60, 63, 67 en 72, gebruik ook dieselfde indeling vir die proloog (Jes. 40:1-11).

<sup>40</sup> Hartenstein, *Das Archiv*, 97-98, 107-108 wys daarop dat JHWH die troosopdrag gee: JHWH se woorde lei Jes. 40-55 in, waar die handeling van JHWH duidelik in sy optrede teenoor die volk en die stad sigbaar word. Heffelfinger, *I am large*, 107-108 sê JHWH gee die opdrag tot troos: Die troosopdrag toon die verhouding tussen JHWH en die volk aan. Die gebruik van נחם in die Bybel kom in kontekste voor waar die klem op die huweliks- of familieverwantskap val. Heffelfinger wys dat die gebruik in sowel die *pi’el* as *nip’al* vorme voorkom. Tiemeyer, “The Coming,” 236 sluit hierby aan en wys ook op die feit dat die opdrag om Jerusalem te “troos” van JHWH afkomstig is.

skeppende<sup>41</sup> woord van JHWH beskryf; so gee Deutero-Jesaja sy boodskap weer. Von Rad noem die gebruik van Deutero-Jesaja “the pivot on which his whole preaching turns is an awareness of the reality of Jahweh’s creative word.”<sup>42</sup> Von Rad wys daarop dat skepping en verlossing sinonieme<sup>43</sup> by Deutero-Jesaja vorm en wys verder daarop dat Deutero-Jesaja woorde skep, asook begrippe gebruik, wat hy met nuwe inhoude vul.

Jesaja 40:3-5 word deur ’n stem ingelui wat nuwe gebeure aankondig:<sup>44</sup> JHWH gaan aankom (v. 10) en daarom is dit noodsaaklik om die pad voor te berei (v. 3). Die stem skilder wat gaan gebeur, naamlik dat die majesteit en heerlikheid van JHWH vir almal sigbaar sal wees.<sup>45</sup> Die woestyn kry ’n historiese tradisie, asook oorleweringsbetekenis en -lading. Die woestyn funksioneer in die nuwe eksodus en wys na ’n trektog van JHWH tesame met die volk volgens die woestyntradisies. Die laaste kolon van v. 5, “want die mond van JHWH het gepraat,” herlei al die voorafgaande tot ’n gesagvolle uitspraak van JHWH. Verse 3-5 het die troos van v. 1 bevestig en uitgebou.<sup>46</sup>

Jesaja 40:6-8 is ’n stem wat ’n boodskap aankondig en besware wegneem. ’n Positiewe rede vir die verkondiging word gegee: “Die woord van ons God hou vir ewig stand.”<sup>47</sup> Hierteenoor staan die mens se verganklikheid waaraan niks en niemand kan ontkom nie. Die stem ontken die profeet se beswaar, maar gee iets in die plek daarvan wat onverganklik is, naamlik die Woord van God wat vir ewig sal standhou.

Jesaja 40:9-11 bring ons by die volgende gedeelte van die proloog.<sup>48</sup> Die opdrag word gegee om aan Sion en Jerusalem die goeie nuus te bring dat JHWH as

---

<sup>41</sup> Volgens Stuhlmüller, *Creative Redemption*, 169-170 skep JHWH se woord nuwe moontlikhede in Deutero-Jesaja en dit dra die teologie van Deutero-Jesaja.

<sup>42</sup> Von Rad, *Old Testament Theology* 2, 242.

<sup>43</sup> Von Rad, *Old Testament Theology* 2, 241, 238-239. Volgens Von Rad gebruik Deutero-Jesaja die woorde om die leser se aandag te gryp; die woorde het ryk inhoude, beelde gryp die verbeelding aan, en hy interpreteer die geskiedenis van Israel op nuwe kreatiewe manier.

<sup>44</sup> Tiemeyer, “The Coming,” 236 wys daarop dat hierdie verse JHWH se reis deur die woestyn voorstel. Die natuur sal vernuwe word en JHWH se heerlikheid en eer sal aan almal sigbaar word.

<sup>45</sup> Berges, *Jesaja 40-48*, 233 en Thomas Wagner, *Gottes Herrlichkeit: Bedeutung und Verwendung des Begriffs kábôd im Alten Testament* (VTSup 151; Leiden: Brill, 2012), 168.

<sup>46</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 22.

<sup>47</sup> Vlg Merendino, *Der Erste*, 53 sluit die “woord” van v. 8 by die “woord” van die eerste twee verse, sowel as v. 5 se “woord” aan. Hy sien alles as die woorde van JHWH. Beuken, *Jesaja IIA*, 25 toon dat dit hier primêr om die trooswoord gaan: JHWH se Woord wat vas staan, dien vir die volk en Jerusalem tot “troos.”

<sup>48</sup> Lena-Sofia Tiemeyer, *For the Comfort of Zion: The Geographical and Theological Location of Isaiah 40-55* (VTSup 139; Leiden: Brill, 2011), 279-285 meen die

koning na Sion toe oppad is.<sup>49</sup> JHWH sal regeer en die volk en stad versorg soos 'n herder vir sy kudde sorg. Die totale sorg deur JHWH word met die herdersbeeld gewaarborg<sup>50</sup> en dien tot troos.

Konklusie: Jesaja 40 se proloog is ondersoek en dit blyk dat troos van JHWH af kom.<sup>51</sup> JHWH maak homself aan die volk bekend as die Skepper wat alles gemaak het en vir alle dinge sorg. Die proloog van Deutero-Jesaja kondig die troos aan die volk en die stad aan. JHWH is deurgaans op die voorgrond. JHWH se verhouding tot Israel, tot die stad Sion/Jerusalem en JHWH se verhouding met die volke word duidelik in die proloog uitgebeeld.<sup>52</sup> Hierdie bystand en versorging van JHWH word deur die volk en stad as troos ervaar.

## F      **BESPREKING VAN JESAJA 49:13**

Daar bestaan nie eenstemmigheid by eksegete oor die posisie van Jes. 49:13 nie. Daar is eksegete wat reken dat v. 13 by die eerste twaalf verse ingedeel moet word;<sup>53</sup> ander behandel v. 13 as 'n aparte eenheid.<sup>54</sup> Daar word aangetoon dat v.

---

boodskapper van v. 9 moet vroulik wees, maar erken dat dit nie moontlik is om 'n definitiewe geslag aan hierdie boodskapper toe te ken nie. Volgens haar kan Sion beskou word as 'n boodskapper wat die nuus aan haarself moet en kan bring. Sy voeg later by dat dit nodig is om in te sien dat Sion beslis die ontvanger van die goeie nuus is. Vgl. ook Tiemeyer, “The Coming,” 236-237 waarin sy weereens bevestig dat die boodskapper ook vroulik kan wees. Die goeie nuus, volgens Tiemeyer, is om die boodskap aan Jerusalem en die stede van Juda aan te kondig dat JHWH in Jerusalem aankom.

<sup>49</sup> Heskett, *Reading*, 73, 138 skryf Sion bring nie self die goeie tyding nie, maar die tyding word aan Sion in haar verlatenheid verkondig. Sion sal van haar vyande verlos word, en haar verlosser sal haar versorg, soos 'n herder die kudde versorg. Beuken, *Jesaja IIA*, 29 toon dat die beeldspraak die werklikheid van die nuwe eksodus beklemtoon.

<sup>50</sup> Antonius Kuckhoff, *Psalm 6 und die Bitten im Psalter: Ein paradigmatisches Bitt- und Klagegebet im Horizont des Gesamtpsalter* (BBB 160; Bonn: Bonn University Press, 2011), 219 verwys ook na die beeld in Jes. 40:11 waar JHWH as herder voorgestel word. Kuckhoff hanteer dan bekende gedeeltes in die Psalms waar dieselfde beeld gebruik word (bv. 23:1, 79:13), asook Eseg. 34:13-31. Hierdie beeld beklemtoon die geborgenheid by en sorg deur JHWH.

<sup>51</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 30 voel dat die proloog van Deutero-Jesaja die temas van die boodskap saamvat. Volgens Beuken word troos aangekondig, en dan sal die volk onder JHWH se leiding terugkeer na Jerusalem. Heil en hoe die hindernisse in die pad daarvan oorwin word, is deel van die boodskap van troos en vertroosting.

<sup>52</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 30 wys op die verhoudings waarin JHWH staan, asook verhoudings waarin die profeet en volk staan: Profeet en Israel, en Israel en die volke. Tiemeyer, “The Coming,” 236-237 beklemtoon dat JHWH beskryf word as die Koning wat regverdig en genadig is, en as 'n herder wat vir die volk sorg.

<sup>53</sup> Goldingay, *Isaiah 40-55*, 374-381 interpreteer vv. 1-13 as 'n geheel.

<sup>54</sup> Werner Grimm and Kurt Dittert, *Deuterojesaja: Deutung, Wirkung, Gegenwart; ein Kommentar zu Jesaja 40-55* (CBK; Stuttgart: Calwer Verlag, 1990), 339-341 en Dempsey, *Isaiah*, 124 behandel v. 13 as 'n selfstandige eenheid.

13 met vv. 1-12 en ook met 14 en die volgende verse koppel.<sup>55</sup> Vers 13 bevat die loflied waar die volk getroos is. Troos aan die volk word hiermee afgehandel. Die volgende tekste in Deutero-Jesaja wat die werkwoord נחם (“troos”) bevat, handel oor troos aan die stad.

Beuken wys daarop dat die eerste 13 verse by die eerste deel aansluit wat vanaf hfst. 40:1 tot 49:13 strek,<sup>56</sup> maar aan die ander kant verkies hy om dit aan die tweede hoofdeel te voeg. Hy behandel v. 13 alleen en vind daarin die lof van die kosmos en die nuwe naam vir JHWH, naamlik Israel se Ontfermer. Die woorde נחם en רחם sluit by die volgende hoofstukke aan en נחם gryp ook weer terug na 40:1, vanwaar troos ’n belangrike rol speel. Die troos geld net vir Israel en is aan die uittog uit Babel gekoppel, en die troos gaan Sion toekom.

Jesaja 49:13 val binne die groter geheel van Jes. 49:1-26 wat as volg ingedeel kan word: Jesaja 49:1-6 beklemtoon dat JHWH oral heers; dit is ’n kneglied. Jesaja 49:7-12 bevestig dat JHWH Israel lei, wat troos tot gevolg het. “Troos,” נחם, kom in Jes. 49:13 voor. Hierdie is ’n loflied vir die verlossing van die volk. Jesaja 49:14-26 bevestig dat JHWH sorg en red wat die troos onderskryf. Die werkwoord נחם word in v. 13 in die *pi’el* gebruik en dit bevestig die troos.

Jesaja 49:13 vorm ’n skarnier wat die twee gedeeltes, naamlik vv. 1-12 en 14-26, saamvoeg. Die eerste deel van Deutero-Jesaja, wat vanaf hfst. 40:1 tot 49:12 strek, word in hfst. 49:13 afgesluit. Hoofstuk 49:13 vorm terselfdertyd die inleiding vir die volgende hoofdeel van Deutero-Jesaja wat vanaf hfst. 49:14 tot aan die einde van hfst. 55 strek. Vers 13 dien as die gepaste afsluiting van die eerste 12 verse van hfst. 49. Lof word uit alle oorde aan JHWH gebring, wat troos belowe het, en die volk getroos het.

Jesaja 49:13 is ’n onafhanklike eenheid en ’n lied tot eer van JHWH wat deur die skepping aangehef word omdat JHWH die volk vertrou het.<sup>57</sup> Vers 13 verbind met 40:1 waar die troos die eerste keer voorkom, die siklus is voltooi en die volk is getroos. Die koppeling met die voorafgaande perikoop, en hierdie vers sluit die eerste 12 verse van hfst. 49 af. Daar is ’n aansluiting met die volgende perikoop:

<sup>55</sup> Goldingay, *Isaiah 40-55*, 374-381 toon aan dat v. 13 by die sake aansluit wat in vv. 1-12 voorkom sowel as dit wat daarna volg in vv. 14-26.

<sup>56</sup> Willem A. M. Beuken, *Jesaja* (deel IIB; PouT; Nijkerk: Callenbach, 1983), 9-10, 45-48 dui wel aan dat die interpretasie hier moeilik is: vers 13 sluit enersyds die troos aan die volk af, maar andersyds begin dit met die gebruik van die werkwoord רחם ten einde die troos aan die stad toe te deel.

<sup>57</sup> Alhoewel Beuken, *Jesaja IIB*, 45-48 v. 13 as ’n aparte afdeling behandel, stel hy dit duidelik dat die vers tegelykertyd die eerste twaalf verse afsluit. Verder slaan die vers ’n brug na v. 15, met die nuwe naam vir JHWH, naamlik Israel se Ontfermer. Die woord רחם word in vv. 10, 13 en 15 gebruik. Grimm and Dittert, *Deuterojesaja*, 339-341 meen dat v. 13 die gedeelte tot hier afsluit. Die volk is deur JHWH vertrou en hulle word deur JHWH uit ballingskap verlos.

die troos gaan verder en word meer aktueel in die hoofstukke wat volg. Vers 13 vorm ’n skakel tussen 40:1 tot 49:12 en 49:14 tot die einde van hfst. 55.

Hoofstuk 49 dien as ’n skakel tussen die twee dele van Deutero-Jesaja, naamlik hfst. 40 tot 48 en 49 tot 55.<sup>58</sup> Vers 13 vorm die skarniers om beide gedeeltes van Deutero-Jesaja te koppel. Die opdrag was om die volk te troos en v. 13 berig nou dat die volk getroos is. Die volgende groot opdrag is om die stad Jerusalem/Sion te “troos.” Die woord נחם (“troos”) kom gereeld voor in die hoofstukke wat volg; hoofsaaklik dan in verband met die stad Jerusalem/Sion.<sup>59</sup>

JHWH stel homself voor en gee inligting deur aan die volk, sodat die volk kan beseef hulle staan in ’n verhouding met JHWH wat hulle verkies het. JHWH wys daarop dat hy op die regte tyd roep en verlos, sodat die ballinge kan weet hulle sal op die pad versorg word.<sup>60</sup> JHWH waarborg ’n pad vir die terugtog en die ballinge sal uit al die windstreke na Jerusalem terugkeer.

Jesaja 49:13 dien as skarnier tussen die voorafgaande gedeelte en die verse wat op v. 13 volg. Die vers bevat die loflied wat gesing word omdat JHWH die volk getroos het en omdat hy die lydendes jammer gekry het. Lof word deur die hemel, aarde en berge aan JHWH gegee. Die skepping loof JHWH as die skepper wat in staat is om die wonder te laat gebeur, om die volk uit ballingskap te verlos en hulle so te troos. JHWH is die getroue wat sy woord en beloftes en verbond met die volk altyd gestand doen. JHWH ontferm hom oor die volk en lei hulle in liefde. JHWH se ontferming (רחם), wat in vv. 10, 13 en 15 voorkom, asook die twee werkwoorde (naamlik רחם en נחם) dien saam as ’n koppeling om hfst. 49 se eerste en laaste gedeeltes met mekaar te verbind. Troos en ontferming aan die volk word

<sup>58</sup> Hugh G. M. Williamson, *The Book Called Isaiah: Deutero-Isaiah's Role in Composition and Redaction* (Oxford: Clarendon Press, 1994), 73, 121, 170 bespreek troos en wys dat dit vreugde bring; daar word spontane lofliedere gesing. Williamson sien troos as ’n antwoord op Klaagliedere se klag om ongetroos te wees. Jan L. Koole, *Jesaja 49 tot en met 55* (deel 2 van *Jesaja II*; CouT; Kampen: Kok, 1990), 49-50 wys daarop dat Jes. 49:13 elemente uit voorafgaande hoofstukke bevat, naamlik 40:1, 12, 22; 41:16; 42:5, 11; 44:23. Daar is ook die werkwoord נחם wat vooruit aansluit by 51:3, 12, 19; 52:9; en 54:11. Koole toon aan dat JHWH die gemeenskap met die volk deur ’n vertroostende woord herstel het, wat eintlik ’n reddende handeling is. Beuken, *Jesaja IIB*, 45-48 wys op *raakpunte* van v. 13 met dele uit hfst. 40 tot 48 en hfst. 50 tot 55. Die vreugde, die kosmos – hemel, aarde en berge – wat die lof van JHWH besing. Die werkwoorde נחם en רחם kom in hierdie tekste voor.

<sup>59</sup> Dempsey, *Isaiah*, 124 wys dat die sirkel wat met 40:1 begin, hier in 49:13 voltooi is. Die troos wat nou in Deutero-Jesaja gaan volg, is veral troos aan die stad Sion.

<sup>60</sup> Beuken, *Jesaja IIB*, 39 wys daarop dat hierdie ’n verwysing is na 42:5-9 waar die kneg geroep is en opdragte ontvang het. Koole, *Jesaja 49 tot en met 55*, 43-45 bespreek die gedeelte in samehang met 42:5-7 en wys dat die kneg nog die ballinge tot vryheid moet oproep. Die ballinge moet weer na Jerusalem toe gaan.

afgehandel, en troos en ontferming aan die stad Jerusalem<sup>61</sup> neem nou ’n aanvang. JHWH sal dit uitvoer, sodat Jerusalem/Sion ook getroos kan word en ontferming kan ontvang.<sup>62</sup>

Die gedeelte wat volg handel oor Sion wat kla dat JHWH haar vergeet het.<sup>63</sup> JHWH antwoord met die vergelyking van die vrou wat nie haar kind sal vergeet nie, en die stad kry die versekering dat JHWH haar nooit sal vergeet nie. Die volgende versekering is dat JHWH die stad in sy handpalms gegraveer het, die stad is altyd in JHWH se gedagtes en voor JHWH se oë. JHWH staan in ’n besondere verhouding met die stad en sorg vir die stad. JHWH roep die stad om te kyk en te sien hoe haar kinders, die inwoners, terugkom. Die veroweraars sal Jerusalem verlaat en haar kinders sal na haar toe terugkom. Die kinders sal talryk wees en die stad te klein vir hulle, en die stad sal besef dat dit deur JHWH se optrede gebeur. Die wonder gebeur dat konings na die kinders sal omsien en Sion sal besef hoe magtig JHWH is. Sion sal besef dat Babel onder JHWH se gesag staan, JHWH is in beheer van wat in die geskiedenis gebeur.<sup>64</sup> JHWH gebruik volke en mense om sy doel te bereik. Die doel daarvan is dat die mensdom vir JHWH sal kan ken as die verlosser en magtige Een van Jakob.

Die troos, wat in Jes. 40:1 beloof is, word in Jes. 49:13 vervul as hier duidelik gestel word dat die volk vertrous is.<sup>65</sup> Hoofstukke 40:1 tot 49:13 handel oor die volk wat vertrous moet word en die goeie boodskap van bevryding uit die

<sup>61</sup> Kuckhoff, *Psalms 6*, 206 gebruik Jes. 49:13 om die blydschap oor die terugkeer na Jerusalem te beskryf en hanteer hierdie gedeelte saam met Ps. 126.

<sup>62</sup> Goldingay, *Isaiah 40-55*, 374-381.

<sup>63</sup> Beuken, *Jesaja IIB*, 56-57 reageer met die verwysing na die simboliek wat hier vir JHWH gebruik word, naamlik as die vrou wat nie haar kind vergeet nie, en die feit dat Sion se naam in JHWH se handpalm gegraveer is. Die stad is altyd voor JHWH en in JHWH se gedagtes. Van der Woude, *Geschiedenis*, 135-145 sê dat JHWH se antwoord op die klag, wat ’n persoonlike voornaamwoord bevat, klem lê op die subjek van vergeet, naamlik JHWH. Met hierdie spesifieke beeldspraak wat gebruik word, verseker JHWH verseker Sion dat hy haar nie sal vergeet nie. Berges, *Der Prophet und das Buch*, 118 wys daarop dat Sion haar nie wil laat vertrous nie. Die woord vir ontferming (רָחַם) is in v. 15 gebruik en sal weer in verband met Sion gebruik word. Sion beskuldig JHWH daarvan dat sy deur JHWH verlaat en vergeet is. JHWH tree nou na vore as die Een wat moederliefde betoon en vir die stad sorg.

<sup>64</sup> Beuken, *Jesaja IIB*, 65-67 toon aan dat die wonderwerk dat Sion weer vol kinders sal word, ’n aanduiding van die mag en uniekheid van JHWH is: hy alleen kan Sion weer herstel. Berges, *Der prophet und das Buch*, 118 wys dat JHWH Sion se kinders laat terugkeer.

<sup>65</sup> Goldingay, *Isaiah 40-55*, 374-381 meen dat v. 13 die afsluiting van die troos vir die volk vorm. Die opdrag tot “troos” word in 40:1 gegee, en hier word gerapporteer dat die volk vertrous is. Dempsey, *Isaiah*, 124 wys daarop dat die sirkel van 40:1 hier in 49:13 voltooi word: JHWH het die volk vertrous, en daarom volg die loflied.

ballingskap moet hoor en aanvaar.<sup>66</sup> In die eerste gedeelte van Deutero-Jesaja word daar gereeld na die volk as Jakob of Israel verwys.

Die volk se verhouding met JHWH word sterk beklemtoon as die volk aangespreek word as “my volk,” “op die naam geroep” en “die wat kosbaar is.” Die volk word opnuut verseker van die feit dat hulle aan JHWH behoort en dat JHWH vir hulle lief is en omgee.<sup>67</sup> Die volk word uitgenooi om slegs op JHWH alleen te vertrou en JHWH alleen te dien.<sup>68</sup> Hulle oortredinge is vergewe en JHWH begin ’n nuwe pad met hulle stap; hy sal hulle lei en bystaan. JHWH het Sion se klag aangehoor en weerlê. JHWH is die een wat in beheer is en Sion se kinders sal laat terugkeer. Die volke en vyande sal wegtrek. JHWH is die Bevryder wat Sion se kinders bevry en Sion beskerm.<sup>69</sup> Die handelinge en verhouding van JHWH met die volk, versterk en ondersteun die troos en die ervaring van vertroue te wees.

## G      **BESPREKING VAN JESAJA 54:11**

Jesaja 54:1-17 handel oor JHWH se liefde vir Jerusalem en word onderverdeel in vv. 1-6 en vv. 7-17. Jesaja 54:7-17 vorm ’n duidelik afgebakende perikoop. Jesaja 54 handel oor ’n vrou wat nie by name genoem word nie. Die afleiding word gemaak dat die vrou “Sion” voorstel. Daar is baie trekke van hierdie vrou wat met Sion ooreenstem. Dié vrou word beskryf as ’n bedroefde en ongetrooste vrou,

---

<sup>66</sup> Heskett, *Reading*, 77, 130, 132 verwys na troos en noem net die teksgedeeltes waar die woord verskyn. Daar is geen bespreking oor troos nie. Sy indeling van hfst. 49 tot 55 verwys na Jes. 49:13 as ’n lied van “troos.” Heskett sien Jes. 49 se vv. 1-6 as ’n fokus op die individuele kneg, vv. 7-12 as ’n oproep om die land te herstel en 13 as ’n lied van “troos.” Heskett sê dat v. 13 ’n onderbreking in die hoofstuk veroorsaak. Klein, *Jesaja 40:1-11*, 214-217 wys dat Jes. 49:1-13 uit Jes. 40:1-11 ontstaan het: JHWH het die volk se skuld vergewe en die hindernisse op die pad opgeruim, en in Jes. 49:12 kom die volk in Sion aan. Klein sê dat Jesaja 49:13 hierdie deel afsluit wat in Jesaja 40:1 begin het: die opdrag tot troos aan die volk is afgehandel.

<sup>67</sup> Berges, *Das Buch Jesaja*, 372-373 toon aan dat troos en ontferming aan Jerusalem nou ’n werklikheid word wanneer die moederlike liefde ervaar word. Die ontferming lei die tema van moederskap van Sion in. Vgl. ook Goldingay, *Isaiah 40-55*, 374-381.

<sup>68</sup> Berges, *Das Buch Jesaja*, 372-373.

<sup>69</sup> Van der Woude, *Geschiedenis*, 152 dui aan dat JHWH die inisiatief neem en Sion se kinders terug bring. JHWH tree so op dat Sion tot insig kan kom en besef JHWH is haar Bevryder en dat hy kan te alle tye vertrou kan word. Klein, *Jesaja 40:1-11*, 214-218 verklaar dat die leser deur Jes. 40:12-49:13 in sy geloof versterk word en wys verder daarop dat JHWH geken word as die Een wat in beheer is en die volk onder Kores laat terugkeer na hulle land. Hy illustreer dat die argumente tot die volk en lesers gerig is; hulle leer JHWH ken as die Een in wie jy kan glo. Jesaja 40:1-49:13 staan dus onder die koepel van die groot opdrag van troos wat gegee word en dan uiteindelik ook deurgevoer word.



iemand wat deur storms geteister was.<sup>70</sup> Die vrou se hopelose toestand gaan deur JHWH verander word en sy sal pragtig versier word.

Die stad wat as ’n eensame vrou bekend was, sal meer kinders besit as ’n getroude vrou. Woonplek sal te min wees vir almal en die stad sal moet uitbrei om almal te akkommodeer. Dit is ’n rede tot vreugde en troos vir die stad, wat as ’n moeder aangespreek word. Baie nakomelinge beteken sorg, en beskerming is ter sprake. Die gesprek gaan voort en die profeet wys dat JHWH die opdrag gee dat die stad nie bang en skaam moet wees nie. Die stad se ongetroude staat en weduweeskap is nou verby; die stad gaan ’n nuwe tydperk betree.

JHWH is haar man wat haar versorg en bystaan.<sup>71</sup> JHWH word aangekondig met die name van Skepper, JHWH van die leërskaer, jou Verlosser en die heilige Een van Israel, die God van die hele aarde. Die name wil die uniekheid, heerlikheid, krag en mag van JHWH beklemtoon en die stad verseker dat sy by JHWH totale beskerming en bystand sal geniet en so getroos word. Die stad word deur JHWH geroep en van haar verlatenheid en droefheid getroos, en tot vrou herstel. JHWH bevestig dat hy vir ’n oomblik in woede, hom verberg het, maar JHWH gee vir Sion om en het haar jammer gekry. JHWH verseker die stad van sy ewige trou en goedheid, en verklaar dat hy die stad se verlosser is. Die woord “losser” impliseer dat die verlossing sorg en bystand insluit en ondersteun die troos verder.

Die eed-formule dui daarop dat die stad nie weer verlaat of op haar eie gelaat sal word nie. Die eed is bindend en geldig soos die eed wat met Noag gesluit is ten opsigte van die vloedwaters wat nie weer die aarde sal oordek nie. JHWH verbind hom om nie weer vir Jerusalem so kwaad te word dat hy haar sal verlaat nie. Die eed<sup>72</sup> word bevestig met die vergelyking dat die berge en heuwels tot niet sal gaan maar die genade, die vrede en die ontferming van JHWH vir die stad nie sal ophou nie. Hierdie eed dien tot vertroosting.

JHWH verwys na die stad as die een wat bedroef was en deur storms rondgeslinger is, wat letterlik sonder hoop, hulp en troos was en alleen moes oorleef in hierdie moeilike omstandighede. JHWH gaan ingryp en die omstandighede verander, die stad sal met edelgesteentes opgebou word. Verder sal

---

<sup>70</sup> Klein, *Jesaja 40:1-11*, 259-263 wys daarop dat Sion die ongetrooste genoem word, maar ook dat Sion as bruid van JHWH voorgestel word. Klein maak die opmerking dat Sion nog nie ten volle getroos is volgens die opdrag van Jes. 40:1 nie. Troos moet voortgaan totdat Sion die volle heil van JHWH sal ervaar. Heskett, *Reading*, 77 verwys na die voorkoms van die werkwoord *נִחַם* Jesaja; asook die teksgedeeltes en ’n kort opmerking oor troos.

<sup>71</sup> Sharon Moughtin-Mumby, *Sexual and Marital Metaphors in Hosea, Jeremiah, Isaiah, and Ezekiel* (OTM; New York: Oxford University Press, 2008), 134-136 wys op ’n vae verwysing na huweliksmetafore in Jes. 54. Die beeld word gebruik om JHWH se krag te toon, Sion te verander, en dit beklemtoon die tema van verandering.

<sup>72</sup> Beuken, *Jesaja IIB*, 255-259 bespreek die verbond wat JHWH nou met Israel sluit.

die seuns deur JHWH onderrig word en hulle sal vrede ervaar. Die stad as moeder sal nie weer onderdruk word nie. Sy hoef nie te vrees en bang te wees nie, angs sal nie meer naby haar kom nie, die stad kan nou rus en vrede beleef. Hierdie uitsprake van JHWH oor sorg, bystand en beskerming, dien as troos vir die stad.<sup>73</sup> Daar word ook verseker dat JHWH altyd in die stad sal wees, en daar sal vrede heers.

Die troos wat in Jes. 40:1 as opdrag van JHWH kom, het nou met sy sorg oor en bystand aan die stad, en die bevestiging dat hy die stad se man is, die sirkel voltooi en die troos aan die stad gebied. Die troosopdrag van Jesaja 40:1<sup>74</sup> word in Jes. 49:13 aan die volk afgehandel en in Jes. 54:1-17 aan die stad bevestig deur JHWH.

## **H SAMEVATTING EN BEVINDINGE**

JHWH kondig die troos aan en waarborg troos. JHWH is deurgaans in Deutero-Jesaja op die voorgrond. JHWH se verhouding<sup>75</sup> tot Israel, tot die stad Sion/Jerusalem, en JHWH se verhouding met die volke word uitgebeeld.

Troos wat in Jes. 40:1 as opdrag van JHWH kom, se sirkel is voltooi. JHWH wat die opdrag tot troos gegee het, het nou met sy sorg oor en bystand aan die stad, en die bevestiging dat die stad sy bruid is, die sirkel voltooi en troos aan die stad gebied. Die troosopdrag van Jes. 40:1 word aan die volk in Jes. 49:13 afgehandel en word hier in Jes. 54:1-17 deur JHWH aan die stad bevestig. Die teksgedeeltes uit Deutero-Jesaja toon duidelik aan: JHWH is die inisieerder van troos en JHWH sorg dat die volk en stad wel getroos word.

Die konklusie kan dus gemaak word dat troos in Deutero-Jesaja 'n deurlopende tema van Jes. 40:1 tot Jes. 54:11 is. Troos kom van JHWH af, wat dit as opdrag aan die profeet gee. JHWH is die inisieerder en waarborg van troos. Die volk moet getroos word en die verloop van die verhaal toon aan dat die volk in Jes. 49:13 getroos is. Troos wat Jerusalem volgens Jes. 40:1-2 moet ontvang, gaan voort tot in Jes. 54:11, in die perikoop Jes. 54:1-17 waar die troos afgesluit word

---

<sup>73</sup> Beuken, *Jesaja IIB*, 272 wys dat Sion as bruid van JHWH geskets word wat deur hom versier word. Die stad se herstel dien as troos. Die werkwoord נָחַם roep die ander plekke waar hierdie werkwoord gebruik word in herinnering.

<sup>74</sup> Beuken, *Jesaja IIA*, 18-19, 30 wys dat daar lank nie troos was nie; troos bestaan daarin dat JHWH die volk in verbondsterme aanspreek. JHWH gee die opdrag tot troos. Die proloog van Deutero-Jesaja vat al die temas van die boodskap saam. Troos word aangekondig, en dan sal die volk onder JHWH se leiding terugkeer na Jerusalem. Die heil wat tot stand kom en hoe die hindernisse in die pad daarvan oorwin word, is deel van die boodskap van troos en vertroosting. Dempsey, *Isaiah*, 140 beklemtoon dat die ongetrooste stad deur JHWH verander sal word, en troos sal ervaar.

<sup>75</sup> Tiemeyer, “The Coming,” 236-237 beklemtoon dat JHWH die Koning is wat regverdig en genadig is, en as 'n herder wat vir die volk sorg.

met die belofte dat JHWH die stad herstel en as bruid neem. Die stad sal deur JHWH versorg en bygestaan word.

Jesaja 54:7-11 bevestig die trou en genade van JHWH. JHWH se ontferming oor die stad kom in drie verse na mekaar voor en beklemtoon die liefde en troos wat JHWH aan die stad gee. Jesaja 55:6-7 toon die ontferming van JHWH aan en die liefde en genade wat JHWH vir die volk het. JHWH kom tot die volk en gee hulle weer ’n geleentheid om in die regte verhouding met hom te kom. Hier word JHWH se oorfloedige vergifnis beklemtoon.

JHWH se ontferming bied nuwe hoop en ’n geleentheid om in die regte verhouding met Hom te staan. Die herstellende verhouding lei tot troos.<sup>76</sup> Die opdrag tot troos in Jes. 40:1 word in Jes. 55:7 afgesluit met die betoning van ontferming deur JHWH aan die volk.

Daar is duidelik aangetoon dat die werkwoord נחם (“troos”) ’n belangrike tema is vir die hele Deutero-Jesaja. Die werkwoord נחם word ondersteun deur die feit dat JHWH die “troos”-opdrag gee, asook die “troos” waarborg.

Troos, of soos die Duits dit stel, “om die siel ligter te maak,” impliseer ’n emosie en ’n daad. Emosie en daad loop met die werkwoord נחם hand aan hand. Die Hebreeuse werkwoord veronderstel dat die emosionele sy aangespreek word, maar – belangrik – dat dit verder ondersteun word deur middel van ’n aktiewe en daadwerklike handeling en aksie. Troos impliseer vertroosting en aktiewe bystand. JHWH is met dié aksie besig in Deutero-Jesaja.

Die aanvangswoord van Deutero-Jesaja wat “troos” is, lei die leser deur die verhaal wat ontvou en aantoon dat JHWH die opdrag gee tot troos, maar ook dat JHWH die uitvoering en afloop van die “troos” in Deutero-Jesaja waarborg. Jesaja 40:1-11 is die inleiding tot hierdie verhaal wat die leser meevoer tot by die voltooiing daarvan in Jes. 55.

## BIBLIOGRAFIE

- Adams, Jim W. *The Performative Nature and Function of Isaiah 40-55*. Library of Hebrew Bible/Old Testament studies 448. London: T&T Clark, 2006.
- Akpunonu, Peter D. *The Overture of the Book of Consolations: Isaiah 40:1-11*. New York: Peter Lang, 2004.

---

<sup>76</sup> Van der Woude, *Geschiedenis*, 216-218 toon dat troos vir die ballinge daarin geleë is dat die woord van JHWH hulle terugkeer sal bewerk. Die woord van JHWH is werkend in Jes. 55:6-13, soos aangedui in Jesaja 40:1-11 stel die terugkeer na Sion met konkrete beelde voor, soos byvoorbeeld, JHWH se optrede om die pad terug voor te berei. JHWH het na Sion teruggekeer en ’n groep ballinge het gevolg. JHWH is die Bevryder wat die volk uit ballingskap bevry. Die opdrag tot troos van Jes. 40:1 kom hier weer eens in die ontferming van JHWH oor die volk tot uiting (Jes. 55:7).

- Albertz, Rainer. *Israel in Exile: The History and Literature of the Sixth Century B.C.E.* Studies in Biblical Literature 3. Vertaal deur David E. Green. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2003.
- Baltzer, Klaus. *Deutero-Isaiah: A Commentary on Isaiah 40-55.* Vertaal deur Margaret Kohl. Hermeneia. Augsburg: Fortress Press, 2001.
- Barstad, Hans M. *The Myth of the Empty Land: A Study of the History and Archaeology of Judah during the “Exilic Period.”* Oslo: Scandinavian University Press, 1996.
- Berges, Ulrich. *Das Buch Jesaja: Komposition und Endgestalt.* Herders Biblische Studien 16. Freiburg: Herder, 1998.
- \_\_\_\_\_. *Klagelieder.* Herders Theologischer Kommentar zum Alten Testament. Freiburg: Herder, 2002.
- \_\_\_\_\_. *Jesaja 40-48.* Herders Theologischer Kommentar zum Alten Testament. Freiburg: Herder, 2008.
- \_\_\_\_\_. *Jesaja: Der prophet und das Buch.* Biblische Gestalten. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt., 2010.
- Beuken, Willem A. M. *Jesaja.* Deel IIA. De prediking van het Oude Testament. Nijkerk: Callenbach, 1979.
- \_\_\_\_\_. *Jesaja.* Deel IIB. De prediking van het Oude Testament. Nijkerk: Callenbach, 1983.
- Botterweck, G. Johannes, Helmer Ringgren and Heinz-Josef Fabry, red. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament.* Stuttgart: W. Kohlhammer, 1985.
- \_\_\_\_\_. *Theological Dictionary of the Old Testament.* Vertaal deur David E. Green. Grand Rapids, Mich.: William B. Eerdmans, 1986.
- Brueggemann, Walter. *Reverberations of Faith: A Theological Handbook of Old Testament Themes.* Louisville: Westminster John Knox, 2002.
- Dempsey, Carol J. *Isaiah: God’s Poet of Light.* St. Louis: Chalice Press, 2010.
- Ehring, Christina. *Die Rückkehr JHWHs: traditions- und religionsgeschichtliche Untersuchungen zu Jesaja 40,1-11, Jesaja 52,7-10 und verwandten Texten.* Wissenschaftliche Monographien zum Alten und Neuen Testament 116. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 2007.
- Goldingay, John. *The Message of Isaiah 40-55: A Literary-Theological Commentary.* International Critical Commentary. London: T&T Clark, 2005.
- Grimm, Werner and Kurt Dittert. *Deuterojesaja: Deutung, Wirkung, Gegenwart; ein Kommentar zu Jesaja 40-55.* Calwer Bibelkommentare. Stuttgart: Calwer Verlag, 1990.
- Hartenstein, Friedhelm. *Das Archiv des verborgenen Gottes: Studien zur Unheilsprophetie Jesajas und zur Ziontheologie der Psalmen in assyrischer Zeit.* Biblisch-Theologische Studien 74. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 2011.
- Heffelfinger, Katie M. *I am Large, I Contain Multitudes: Lyric Cohesion and Conflict in Second Isaiah.* Biblical Interpretation Series 105. Leiden: Brill, 2011.

- Heskett, Randall. *Reading the Book of Isaiah: Destruction and Lament in the Holy Cities*. New York: Palgrave Macmillan, 2011.
- Jenni, Ernst and Claus Westermann, red. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*. München: Kaiser Verlag, 1984.
- Kessler, John. *Old Testament Theology: Divine Call and Human Response*. Waco: Baylor University Press, 2013.
- Klein, Peter. *Jesaja 40:1-11 als Prolog: Ein Beitrag zur Komposition Deuterjesajas*. Wiener Alttestamentliche Studien 6. Wien: Peter Lang, 2009.
- Koehler, Ludwig and Walter Baumgartner. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros*. Leiden: Brill, 1958.
- Koole, Jan L. *Jesaja 40 tot en met 48*. Deel 1 van *Jesaja II*. Commentaar op het Oude Testament. Kampen: Kok, 1985.
- \_\_\_\_\_. *Jesaja 49 tot en met 55*. Deel 2 van *Jesaja II*. Commentaar op het Oude Testament. Kampen: Kok, 1990.
- Kraus, Hans-Joachim. *Psalmen 60-150*. Deel 2 van *Psalmen*. Biblischer Kommentar Altes Testament. Neukirchen. Neukirchener Verlag, 1978.
- Kuckhoff, Antonius. *Psalms 6 and the Prayers in the Psalter: A paradigmatic Bitt- und Klagegebet im Horizont des Gesamtpsalter*. Bonner Biblische Beiträge 160. Bonn: Bonn University Press, 2011.
- Merendino, Rosario P. *Der Erste und der Letzte: Eine Untersuchung von Jes 40–48*. Supplements to Vetus Testamentum 31. Leiden: Brill, 1981.
- Moughtin-Mumby, Sharon. *Sexual and Marital Metaphors in Hosea, Jeremiah, Isaiah, and Ezekiel*. Oxford Theological Monographs. New York: Oxford University Press, 2008.
- Prinsloo, Willem. S. “Jesaja.” Bladsye 83-114 in *Tweegesprek met God*. Die Literatuur van die Ou Testament 3. Geredigeer deur Jasper. J. Burden en Willem S. Prinsloo. Kaapstad: Tafelberg, 1987.
- Stromberg, Jacob. *An Introduction to the Study of Isaiah*. T&T Clark Approaches to Biblical Studies. London: T&T Clark, 2011.
- Stuhlmüller, Carroll. *Creative Redemption in Deutero-Isaiah*. Rome: Biblical Institute Press, 1970.
- Tiemeyer, Lena-Sofia. *For the Comfort of Zion: The Geographical and Theological Location of Isaiah 40-55*. Supplements to Vetus Testamentum 139. Leiden: Brill, 2011.
- \_\_\_\_\_. “The Coming of the Lord – An Inter-Textual Reading of Isa 40:1-11; 52:7-10; 59:15b-20; 62:10-11 and 63:1-6.” Pages 233-244 in *Let Us Go Up to Zion: Essays in Honour of H.G.M. Williamson on the Occasion of his Sixty-Fifth Birthday*. Edited by Iain Provan and Mark J. Boda. Supplements to Vetus Testamentum 153. Leiden: Brill, 2012.
- Torrey, Charles C. *The Second Isaiah: A New Interpretation*. Edinburgh: T&T Clark, 1928.
- Van der Woude, Annemarieke. *Geschiedenis van de terugkeer: de rol van Jesaja 40,1-11 in het drama van Jesaja 40-55*. Maastricht: Shaker, 2005.

Von Rad, Gerhard. *The Theology of Israel's Prophetic Traditions*. Volume 2 van *Old Testament Theology*. Vertaal deur David M. G. Stalker. London: SCM Press, 1975.

Wagner, Thomas. *Gottes Herrlichkeit: Bedeutung und Verwendung des Begriffs kâbôd im Alten Testament*. Supplements to Vetus Testamentum 151. Leiden: Brill, 2012.

West, James K. *Introduction to the Old Testament: "Hear O Israel."* New York: Macmillan, 1971.

Williamson, Hugh G. M. *The Book Called Isaiah: Deutero-Isaiah's Role in Composition and Redaction*. Oxford: Clarendon Press, 1994.

André Odendaal; Jurie H. le Roux & Alphonso Groenewald, Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit Pretoria, Privaatsak X20, Hatfield, 0028, Suid-Afrika. *Epos*: agodenda@absamail.co.za; jleroux1@mweb.co.za; alphonso.groenewald@up.ac.za